



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

2023

KOSHUISAANSOEK EN - PLASINGS VIR EERSTEJAARS

Besoek www.maties.com gereeld vir enige opdatering of veranderinge aan hierdie inligting, weens die pandemie.

Neem asseblief kennis dat verbylf in koshuise beperk is en dat daar baie meer mense aansoek doen vir plek in 'n koshuis as wat ons beskikbaar het. Besoek asseblief www.maties.com en klik op Verbylf > Privaatverbylf vir meer inligting oor privaat geakkrediteerde verbylf.

1. Hoe doen ek aansoek om 'n koshuisplek?

- 1.1** Koshuisaansoeke maak deel uit van die algemene aansoek vir toelating tot die Universiteit Stellenbosch (US). Gaan na www.maties.com om aanlyn aansoek te doen.
- 1.2** Koshuisaansoeke sluit op 31 Julie in die jaar wat registrasie voorafgaan. Maak asseblief seker dat jy hierdie sperdatum haal, aangesien ons ongelukkig geen laat aansoeke kan aanvaar nie.
- 1.3** Koshuisplek is beperk en onderworpe aan 'n keuringsproses. Die Universiteit ontvang gewoonlik baie meer aansoeke as wat daar plek beskikbaar is en daarom kan ons ongelukkig nie waarborg dat jy 'n plek in die koshuis of 'n plek in 'n koshuis van jou keuse sal kry nie.
- 1.4** Onthou, om vir 'n koshuisplek oorweeg te word, moet jy toelating tot 'n program aan die Universiteit ontvang. Indien jou eerste studiekeuse onderworpe is aan uitgebreide keuring (soos 'n program in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), kan jy ook 'n tweede studiekeuse aandui. Só verseker jy dat jy steeds vir koshuisplek oorweeg word, selfs al word jy nie vir jou eerste studiekeuse aanvaar nie.
- 1.5** Studente wat toelating kry tot die program BAgriC (Elsenburg), 'n program by die Bestuurskool (Bellville-kampus), 'n Telematies Onderrig (Afstandsonderrig) program, of vir MBChB, Fisioterapie, Verpleegkunde en Dieetkunde gekeur word (dit sluit laat-keurings aan die begin van die akademiese jaar in), gaan nie in koshuise op die Stellenbosch-kampus tuis nie.
- 1.5.1 Indien die Universiteit jou vir MBChB, Fisioterapie, Verpleegkunde en Dieetkunde keur, doen jy aansoek om 'n koshuisplek op Tygerbergkampus, sowat 45 km vanaf Stellenbosch-kampus.
- 1.5.2 Koshuisplasing op Tygerbergkampus vind eers plaas sodra die keuringsproses afgehandel is.
- 1.5.3 Let wel: 'n Plek in 'n Stellenbosch-koshuis waarborg nie 'n koshuisplek in 'n Tygerberg-koshuis nie.
- 1.5.4 BAgriC (Elsenburg)-studente doen aansoek om koshuisplasing op Elsenburg, waar die program aangebied word.
- 1.6** Studente wat by die Universiteit registreer vir vakke of modules wat nie tot die verwerwing van 'n volwaardige kwalifikasie aan die Universiteit lei nie, kwalifiseer ook nie vir koshuisplek nie.
- 1.6.1 Spesiale of kortkursusse -studente, asook studente wat toelating tot die SciMathUS-program, verkry, word nie in 'n universiteitskoshuis gehuisves nie.
- 1.6.2 Voltydse geregistreerde studente aan die Universiteit wat in dieselfde studiejaar ook voltydse werk en daarvoor betaal word, mag nie van universiteitsverbylf gebruik maak nie.
- 1.7** Die plasingproses sal teen 31 Oktober afgehandel wees. Jy behoort teen daardie tyd te weet of jy 'n plek in die koshuis gekry het. Indien jou aansoek onsuksesvol was, sal ons dit ná 31 Oktober bevestig.

2. Watter kriteria gebruik die Universiteit om my in 'n koshuis te plaas?

Uitnemendheid versterk deur diversiteit is 'n belangrike beginsel in die Universiteit se koshuisplasing-beleid, en albei word deurentyd saam met al die ander bepalings oorweeg. Die Universiteit glo dat diversiteit 'n belangrike bydrae lewer om sy studente uitnemend te maak. 'n Mens kan immers meer leer van mense wat van jou verskil as van diegene wat presies soos jy is. In die lig hiervan, werk die Universiteit met spesifieke plasingkategorieë, soos wat die koshuisplasing-beleid (beskikbaar op www.maties.com) bepaal.

Die plasingkategorieë is as volg:

2.1 Akademiese prestasie

- 2.1.1 Die Universiteit gebruik akademiese prestasie as hoofoorweging om die eerste rondte koshuisaanbiedings aan eerstejaars op Stellenbosch-kampus te maak.
- 2.1.2 Aanbiedinge in dié kategorie berus op jou graad 11-eindeksamenpunte indien jy in jou graad 12-jaar aansoek doen.
- 2.1.3 Indien jy reeds gematrikuleer het, word jou graad 12-eindeksamenpunte gebruik.

2.2 Diversiteit

- 2.2.1 Die Universiteit gebruik vyf diversiteitsfaktore (kyk 2.2.2) om die beoogde diversiteitsprofiel in alle koshuise te bereik. Akademiese prestasie word steeds gebruik om die aansoeker te lys.
- 2.2.2 Die vyf diversiteitsfaktore wat die Universiteit gebruik, is
 - i) studente se burgerskap – Suid-Afrikaans of buitelandse;
 - ii) studente se voorkeurtaal (Afrikaans, Engels of ander);
 - iii) studente se etnisiteit (bruin, swart, Indiër, Asiër of wit);
 - iv) of studente eerste- of nie-eerstegenerasie-studente is, en
 - v) studente se ekonomiese status (vir studente wat ondersteuningsbeurse benodig en byvoorbeeld DHET NSFAS befondsing ontvang).
- 2.2.3 Die Universiteit neem elke keer al vyf diversiteitsfaktore van elke student in ag om daardie studente te kies wat in die geheel die beste voldoen aan die diversiteitsprofiel wat ons graag op kampus sou wou sien, en ook om studente met verskillende profiele so eweredig moontlik oor koshuise (en in privaat-studenteorganisasies (PSO)) te versprei.

2.3 Spesiale Plasinge

Die Universiteit sal ook spesiale plasinge oorweeg, soos sportplasinge, rektorsdiskresionêre plasinge, studente in verlengde graad-programme en studente met fisiese gestremdhede wat hul mobiliteit beïnvloed.

3. Hoe werk dit indien ek koshuisplek ontvang?

- 3.1** Indien die Universiteit 'n koshuisplek op Stellenbosch aan jou toeken, verander jou aansoekstatus op www.maties.com "gereserveer". Onthou egter, op hierdie stadium is jy nog nie in 'n spesifieke koshuis geplaas nie.
- 3.2** Hierna sal jy 'n reserveringsbrief ontvang wat vra dat jy 'n aanvaardingsbedrag van R8 200 binne 30 kalenderdae betaal. Die volgende is belangrik in verband met die aanvaardingsbedrag:
 - 3.2.1 Die aanvaardingsbedrag bevestig dat jy jou plek in die koshuis, sowel as die bepalings wat jou saam met die reserveringsbrief bereik het, aanvaar. Dit sluit ook die beleidsbepalings en gepaardgaande bestuursriglyne in soos op www.maties.com gepubliseer.
 - 3.2.2 Die aanvaardingsbedrag vorm deel van die eerste verpligte paalement vir jou koshuisverbylf. Die volle eerste paalement vir jou koshuisverbylf is betaalbaar by registrasie.
 - 3.2.3 Indien die Universiteit nie jou aanvaardingsbedrag teen die sperdatum ontvang nie, sal ons aanvaar dat ons jou aansoek om koshuisplasing kan kanselleer. Jou aansoekstatus op www.maties.com sal dan na "gekanselleer" verander.
 - 3.2.4 Indien jy op grond van behoefte finansiële bystand ontvang, kan jy van die aanvaardingsbedrag vrygestel word en, sodra jy 'n bewys van finansiële steun het, vir plasing oorweeg word indien plekke beskikbaar is.
 - 3.2.5 Die bankbesonderhede vir betaling van die aanvaardingsbedrag is soos volg:

KONTANT DEPOSITO'S:

Bank: Standard Bank
Rekeningnaam: US Studentegelde
Rekeningnummer: 063163225
Rekeningsoort: Tjek
Takkode: 050610 of 051001
Verwysing: SU studentenommer (slegs eerste agt syfers)
 E-pos betaalbewyse na studentegelde@sun.ac.za

KREDIETKAART WEB BETALINGS:

Gaan na www.sun.ac.za Klik op "Studente"
 Klik op "Gelde"
 Klik op "Betalingopsies" Volg die stappe
 E-pos betaalbewyse na studentegelde@sun.ac.za

- 3.3** Nadat ons die reserveringsproses afgehandel het, begin ons studente in spesifieke koshuise plaas. Dit gebeur gewoonlik in September. Die koshuis waarin jy geplaas word, sal op www.maties.com onder jou aansoekstatus verskyn. Daarna sal jy ook 'n bevestigingsbrief van plasing ontvang.
- 3.4** Indien jy op enige stadium nie meer in 'n koshuisplek belang stel nie, kanselleer asseblief jou aansoek deur 'n e-pos na info@sun.ac.za te stuur..
- 3.5** Die volgende inligting oor jou koshuisplasing is belangrik:
 - 3.5.1 Koshuisplek is beperk en daarom kan ons ongelukkig nie waarborg dat jy 'n plek in 'n koshuis van jou keuse sal kry nie.
 - 3.5.2 As jy nie in een van jou voorkeurkoshuise geplaas is nie, beteken dit dat die kategorie waaronder jy in daardie koshuise geplaas sou word reeds vol is (sien plasingkategorieë onder punt 2 in hierdie dokument).
 - 3.5.3 Ons streef daarna om in al ons koshuise diversiteit te bevorder en studente uit verskillende agtergronde eweredig oor koshuise te versprei. Daarom volg ons die riglyne van die koshuisplasingbeleid en kan ons ongelukkig geen oorplasinge of verskuivings na ander koshuise oorweeg nie.
 - 3.5.4 Die Universiteit behandel oud-Maties se studentekinders dieselfde as alle ander studente en verleen nie voorkeur op grond van alumnistatus nie.
 - 3.5.5 Omdat ons verskillende plasingkategorieë gebruik, kan dit wel gebeur dat studente met laer punte voor diegene met hoër punte geplaas word.
 - 3.5.6 Daar is GEEN enkelkamers vir eerstejaars beskikbaar nie, behalwe in Majuba en Metanoia.
 - 3.5.7 Die Universiteit oorweeg slegs senior studente vir plasing in studentehuisse en universiteitswoonstelle. Jy sal dus nie in jou eerste jaar in hierdie huise / woonstelle kan tuis gaan nie.
 - 3.5.8 Koshuisplasinge is altyd voorwaardelik. Dit waarborg nie toelating tot die Universiteit nie. As jy byvoorbeeld dalk nie aan die einde van graad 12 aan die Universiteit se toelatingsvereistes voldoen nie, sal die aanbod van 'n koshuisplek verval.
 - 3.5.9 Daar is baie min parkeerplek op kampus. Senior studente kry voorkeur met die toekenning van parkeerplek by koshuise en in strate.
 - 3.5.10 Koshuise word gedurende Junie- en Desember-vakansies ontruim en studente moet dus dan hul besittings uit hul kamers verwyder. Die meeste koshuise het egter stoorkamers.
- 3.6** Die Universiteit bied 'n verwelkomingsprogram vir eerstejaars aan voordat die akademiese jaar amptelik begin. Jy sal vooraf 'n afskrif van die verwelkomings-program en 'n inligtingstuk van jou koshuis ontvang wat jou aankoms en inskakeling sal vergemaklik.

4. Wat gebeur as ek nie koshuisplek kry nie?

Indien jy teen 31 Oktober nog nie 'n gereserveerde of bevestigde plek in 'n koshuis gekry het nie, was jou aansoek om koshuisplasing onsuksesvol. Jy sal aan die begin van November bevestiging hiervan ontvang. Jy sal nou op die waglys kan registreer. Hou asseblief in gedagte dat 'n plek in 'n koshuis of 'n koshuis van jou keuse nie op hierdie stadium gewaarborg kan word nie. Plekke is baie beperk en daarom beveel ons sterk aan dat jy ook privaatverbylf oorweeg. www.maties.com > verbylf > privaat verbylf

4.1 Hoe werk die waglys?

- 4.1.1 Indien jy steeds vir 'n koshuisplek oorweeg wil word, kan jy vanaf 1 November op die elektroniese koshuise-waglys vir die Stellenbosch kampus registreer.
- 4.1.2 Gaan na www.maties.com en klik op "Waglys". Dit is die enigste plek waar jy op die waglys kan registreer of deregistreer.
- 4.1.3 Registrasie op die waglys verval op 31 Januarie voor die aanvang van die akademiese jaar wanneer klasse begin.
- 4.1.4 Let wel dat dieselfde plasingkategorieë as vir ander plasinge gebruik word (sien punt 2). 'n Student wat laer op die waglys is, kan dus voor jou geplaas word op grond van een van die plasingkategorieë. In ooreenstemming met die koshuisplasingbeleid word voorkeur verleen aan studente op die waglys wat op grond van finansiële behoefte befonds word.
- 4.1.5 Jou plek op die waglys sal voortdurend verander namate ander kandidate op die waglys registreer.
- 4.1.6 Wat akademiese prestasie betref, sal die matriekpunte gebruik word sodra die Universiteit dit ontvang en geverifieer het.
- 4.1.7 Wanneer dit jou beurt op die waglys is, sal die Koshuisplasingkantoor aan jou 'n aanbod maak, ongeag of dit die koshuis van jou keuse is.
- 4.1.8 Indien jy jou koshuisplek wat toegeken is kanselleer of van die hand wys, of kanselleer nadat jy in 'n koshuis ingetrek het, sal jy op die waglys afskuif.
- 4.1.9 Die Universiteit het immers reeds aan jou 'n plek toegeken en sal nou die geleentheid aan 'n ander student bied.
- 4.1.9 'n Nuwe waglys open 1 Februarie (vir alle geregistreerde studente). Jy kan op hierdie waglys op my.sun.ac.za > akkommodasie > waglys (huidige studente) registreer. Die plasingkriteria (sien punt 2), sowel as die proses soos uiteengesit in 4.1.4 tot 4.1.8, sal steeds geld.

4.2 Hoe maak ek as ek privaat verbylf soek?

- 4.2.1 Studente wat nie in koshuise woon nie, word outomaties aan 'n Privaatstudenteorganisasie- (PSO-) wyke toegeken. PSO-wyke neem aan al die Universiteit se aktiwiteite op kulturele, sosiale én sportvlak deel en word ook saam met koshuise by klusters ingedeel. Die PSO-wyke op Stellenbosch-kampus is Pieke, Aurora, Capri, Oude Molen, Vesta, Equité, Venustia, Silene, Olympus en Ariste. Osler is die PSO-wyk op Tygerbergkampus.
- 4.2.2 Hou in gedagte dat privaat wyke nie verbylf verskaf nie, maar sorg dat PSO- studente by alle universiteitsaktiwiteite inskakel.
- 4.2.3 As jy dus inligting oor privaat verbylf wil hê, besoek die webtuiste www.maties.com vir meer inligting oor privaat geakkrediteerde verbylf.

5. Hoe maak ek om my koshuisplek te kanselleer?

- 5.1** Die Universiteit sal slegs 'n kansellasie van koshuisverbylf aanvaar as jy dit skriftelik indien. Stuur daarom asseblief enige kansellasie na info@sun.ac.za, en onthou om jou studentenommer en die rede vir jou kansellasie by te voeg.
- 5.2** Sonder so 'n kennisgewing sal jy ongelukkig nie vir enige moontlike terugbetaling van die aanvaardingsbedrag in aanmerking kom nie.
- 5.3** Die Universiteit sal die datum van ontvangs van jou skriftelike kennisgewing as die amptelike datum vir die berekening van enige verskuide geld gebruik.
- 5.4** In geval van kansellasies van koshuisverbylf, hanteer ons die aanvaardingsbedrag soos volg:
 - 5.4.1 Indien jy voor of op 31 Oktober kanselleer, sal jy die volle koshuiseaanvaardingsbedrag terugontvang.
 - 5.4.2 Indien jy ná 31 Oktober kanselleer, sal die Universiteit jou 'n kansellasiefout van R900 vra.
 - 5.4.3 Indien jy later as 'n week ná die beskikbaarstelling van die NSS-resultate aan die begin van die studiejaar kanselleer, sal jy ongelukkig die volle aanvaardingsbedrag verbeur.
 - 5.4.4 Indien jy nie teen die begin van die verwelkomingsprogram opdaag nie, sal jy ook die volle aanvaardingsbedrag verbeur en sal die Universiteit ook jou koshuisplek kanselleer.
 - 5.4.5 Indien jy nie toelating tot jou studieprogram kry nie of weens omstandighede buite jou beheer nie die koshuisplek kan gebruik waarvoor jy reeds die vereiste aanvaardingsbedrag betaal het nie, kan jy skriftelik aansoek doen dat ons die aanvaardingsbedrag terugbetaal. Hiervoor moet jy 'n volledig gemotiveerde brief aan die Koshuisplasingkantoor rig en dit na info@sun.ac.za stuur.
 - 5.4.6 Onthou egter, die besluit om enige geld terug te betaal, berus by die Universiteit.
 - 5.4.7 Koshuisplek word vir die volle akademiese jaar toegeken. Indien jy jou verbylf gedurende die akademiese jaar kanselleer, sal jy 'n kansellasiefout van 30% van die uitstaande verbylfgeld vir die jaar moet betaal.

VOLLEDIGE BELEID EN RIGLYNE

Indien jy na die volledige beleid en bestuursriglyne vir plasing in koshuise en luister-, leer- en leefhuise, asook indeling by PSO-wyke en klusters wil gaan kry, klik op die "Verbylf"-skakel op die webtuiste vir voornemende studente, www.maties.com.

FRYWARING

Die Universiteit het die reg om die inligting in hierdie brosjure deurlopend en soos nodig aan te pas. Dié inligting kan dus onvolledig of verouderd wees. Die inligting word hier so akkuraat en uitvoerig weergegee as wat na ons beste wete teen druktijd in February 2022 moontlik was. Dit bly die voornemende student se verantwoordelijkheid om die gegewe inligting te kontroleer. Die nuutste inligting is beskikbaar op www.maties.com.

Studente Akkommodasie, Registrateurs Afdeling 2022.